

sal ons ook baie help en die kerk in die provinsie posisioneer om gereed te wees om vir die 2019 ver-kiesing te begin bid. Inligting oor die 7 Dae op die Muur kan gekry word by: [globalprayerwatch.org.za](http://globalprayerwatch.org.za) of [jwipn.com](http://jwipn.com). Ons bid vir die drie onderwerpe hieronder. Vir elkeen van die drie onderwerpe is daar 7 verskillende gebedspunte as deel van die riglyne. Ons lig enkeles uit.

**Geestelike Ontwaking van die Kerk** (Ons bid dat die teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees geopenbaar sal word binne en buite die deure van die kerk. Hand 1:8)

**Redding van Siele** (Ons bid dat die evangelie verkondig sal word op alle plekke, tydens kantoorure en na ure. 2 Tim 4:2)

**Sosiale Herstel** (Ons bid vir die opvoeding en onderwys dat alle leerders en studente 'n behoorlike opvoeding sal ontvang sonder vrees vir hulle veiligheid. Spr. 1:3-4)

Die week wat die netwerk in die Metropool gekies het is 9 tot 15 Oktober. Vir lidmate van ons gemeente, ons dag van gebed is **Maandag 9 Oktober**. Hierdie jaar neem ons nie 'n hele week nie, maar net 'n dag en nooi ons ander kerke uit in die dorp om die ander dae te bid en so die week vol te maak. Dit is min of meer hoe dit elders gedoen word. Die gebedskamer met gebedstasies in die saal sal die hele dag oop wees vanaf 9h00 tot 17h00 en daar sal iemand aan diens wees. Gebdsriglyne en hulpmiddels sal beskikbaar wees. Kies 'n uur wat jou pas en laat ons weet.

In die vorige nuusbrief het ons verwys na Tytler se "Cycle of History" en ons mening gegee oor waar ons in die siklus is. Dat ons 'n dikatorskap in die gesig staar lyk al hoe meer na 'n moontlikheid. Maar dit is nog nie te laat nie. Ons het 'n geleentheid en 'n "window of opportunity" om nog deur ons gebed en aksies die gety om te keer! Maar dit gaan 'n gefokusde en aanhoudende poging verg! Ons hoop is in die Here!

***Baie dankie vir elkeen se gebed en ondersteuning die afgelope paar maande, en veral die tyd wat Sugnet se pa in en uit die Hospitaal was, en steeds is. Julle maak dit vir ons moontlik om met die bediening aan te gaan en voete te gee aan die roeping wat in ons harte leef. Julle is deel daarvan. Ons is bewus daarvan dat dit van julle almal 'n groot opoffering verg deurdat julle julle tyd en hulpbronne daaraan afstaan. Ons waardeer dit baie!***

**GAP Ministries**, Brocket Straat 9, De Mist, Uitenhage  
Tel: 041-9228308 (huis)  
Pierre Sel: 0833703592 Sugnet Sel: 0834014517  
Go and Proclaim Trust: ABSA Bank Uitenhage: 4056657942  
E-pos: [outreach@global.co.za](mailto:outreach@global.co.za) Webwerf: [www.goandproclaim.co.za](http://www.goandproclaim.co.za)



GAP MINISTRIES

# GAP NUUS SEP 2017

Persoonlike Nuusbrief van

Pierre, Sugnet, Pieter en Eldi van Wyk

'..verkondig el ke dag Sy reddingsdade' -Ps 96:2

Vriende ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus.

As mens iewers vir iemand moet wag en jy kies 'n skadukol in plaas van 'n sonnige plek dan weet jy die somer is hier. Nie dat ons veel van 'n winter gehad het nie. En lente kom nooit regtig by ons verby nie. Eendag is dit koud en die volgende dag is dit warm. Dit laat my altyd dink aan Jona en die komkommerplant. Die een dag het hy nog skadu gehad en die volgende het die plant verdroog en het die son hom so bygekom dat hy sy bles moes vet smeer. Die warm somer wat voorlê is darem nie ons skuld nie. Of is dit? Daar is baie menings oor die droogte en baie van die menings word begrond met Bybelse verwysings. Volgens die doemprofete is dit omdat ons in sonde ontvang en gebore is en nooit weer daaruit gekom het nie. Ek twyfel of dit so eenvoudig is. Hoekom reën dit dan in ander dele van die land. Leef hulle nie in sonde nie?

Die droogte in die Oos-Kaap en Wes-Kaap is 'n krisis, maar stem ek nie met die doemprofete saam nie. Maar wat ek wel weet is dat die Here hard besig is om ons aandag te probeer kry. En Hy doen dit nie net hier nie. Daar is 'n baie lang lys van natuurrampe wat die aardbol al dié jaar getref het met katastrofale gevolge vir mense, diere en eiendom. Daar is tekens in dié tye wat ons kan lees soos 'n boek en maak dit vir my meer sin om die droogte in hierdie perspektief te sien. Hongersnood is immers die geboortepyne van 'n nuwe seisoen sê Jesus in Mattheus 24. Maar dat die Here ons aandag soek, dit weet ons. Ons moet die Here vasgryp en vertrou todat die reën aanhou kom! Later meer oor Salomo se droogte. In die nuusbrief deel ons oudergewoonte persoonlike nuus en bedieningsnuus. Lees dit gerus, al vat dit die hele week.

Eldi se uitreik is al vergete, maar ons wil graag ook van hierdie geleentheid gebruik om hier in haar eie woorde terugvoer te gee. "It was an honour to go on a mission trip with my church this year in July. A group of 7 of us, Jason, Barry, Dane, Chiara, Megan and me, went to the DRC - Congo. We were specifically in the city called Kinsasha. That is the main city of Congo, DRC. It was a wonderful experience to be in that culture and we believed God used our time there to impart something wonderful to the people of that city. God was amazing as always. He really is one that wants to answer our prayers, in faith. We always had enough of EVERYTHING. That was great to experience. Prayer was powerful on

our mission. We saw many breakthroughs come with prayer - God really loves prayer and promises to move powerfully through it, as He loves to do. We saw many lives get saved, which was incredible. Many healings took place in men and women's lives that we could witness and many came to salvation for the first time - wow! It was amazing to see Jesus just coming in and being God Himself, as He always wants to do. We were facilitating kid's church the one afternoon, and 10 kids also got saved that day. It was AMAZING! I am thankful for the people God sent us to, they were amazing people and we met with extraordinary pastors, that mostly spoke French, but with interpreters, it was an amazing experience getting to know them and also be in their churches and preach the gospel. God blessed us with amazing, love-filled interpreters, Michal, Arthur and Pastor King.

We would either preach at the 3 different churches we linked up with, or we would do door-to-door ministry, where we saw many breakthroughs happen. We were hosted in a building with wonderful rooms and facilities where one of the pastors gave bible school classes and teachings to his students, and their hospitality and servant hearts was something to absolutely admire and marvel at. Mostly only French is spoken in Congo, so to see God's love and actions being a language, was quite a marvellous experience. We praise God for what He has done. Thank you for every prayer and bit of support - without the believers at home standing in prayer and hoping for so many things to happen, I think a lot would not have happened. May God bless you." Eldi

As gevolg van die ontwrigting verlede jaar by UCT is daar hierdie jaar vier semesters in plaas van die gewone drie. Nodeloos om te sê dat dit baie druk op die studente plaas en hoor ons van die gereelde baie kort nagte en baie lang dae waar die kers elke dag aan albei kante brand. Eldi doen baie goed en sy is baie gelukkig in haar kursus. Die stof van "fees must fall" het nog nie heeltemal gaan lê nie, maar kon klasse hierdie jaar onverhinderd voortgaan. UCT het sy status behou as best "Overgrown University Campus in Africa". Pogings om al die mos en rankers van die geboue te verwyder lyk my kry teenstand en is dit net 'n kwessie van tyd of mens gaan die plek nie meer kry daar teen die hange van Tafelberg nie. Op akademiese gebied is UCT nou die veertiende beste Universiteit op die lys van die BRICKS lande se universiteite en haal ons ons hoed af vir die akademië wat ten spyte van geweldige uitdagings, veral op navorsingsgebied wondere verrig met die studente. Doen so voort UCT!

Die afgelope paar maande was 'n rowwe tyd vir Sugnet se ouers, en vir haar wat verpleegster en versorger vir hulle was bo en behalwe al die ander verpligtinge. Haar pa se knieervanging het nie die gewenste beterskap gebring nie en was daar opvolg hospitalise waar hy 'n maand lank in die hospitaal was in 'n poging om infeksie in die wond onder beheer te bring. Die prostese is hierdie week verwyder en word die been nou weer gegips vir 'n maand waarna 'n ander prostese

Dit is moeilik meetbaar en die vrug daarvan is langtermyn. Dan redeneer ek met myself: "Jy is mos oortuig daarvan dat kerkeenheid en alles wat daarmee saamgaan onontbeerlik is om die pad voor te berei vir 'n geestelike ontwaking of dan nou herlewing in Suid-Afrika en Afrika. So as jy dan nou so ernstig is daarvoor hou dan nou maar net aan daarmee!" Ai!

Die droogte maak die tuinprojekte baie moeiliker omdat die plante nou net nie so lekker groei met munisipale water as reenwater nie. Reënwater kom ten minste reguit uit die Hemel uit en munisipale water moet nog aangedra word ook. Ons mikpunt is om in ten minste 5 van die munisipale wyke in KwaNobuhle een tuin elk te vestig wat kan dien as 'n prototipe. Tans het ons twee en 'n halwe tuine. Hoekom 'n halwe? Want die tuinier het in die wingerd gaan wy soos sy broer altyd sê. En dit was die mooiste en grootste tuin daar by Sandfontein net buite Uitenhage. Die ander tuine is al twee by kerke in Kwanobuhle wat kleuterskole het. Omhein met hekke ensovoorts wat baie belangrik is. Die een het goeie grond en die ander een net klip en klei. Dit klink amper soos die gelykenis maar ek is seker die groente groei beter tussen die klippe in die geval. Veral die uie. Ek kan nie wag om te sien wat daar gaan uitkom nie. Beide die tuine het voltydse tuiniers wat deur die onderskeie kerke aangestel is. Hulle kry maar net sakgeld maar ten minste is hulle gereeld daar en is hulle entoesiasies. In die proses van spit en skoffel en plant leer ons mekaar beter ken en word daar brue oorgesteek en ontdek ons dat ons almal maar net mense is wat dieselfde uitdagings in die lewe trotseer. En mens kry gesprekke met die bure in oor die evangelie wat oor die draad loer. En mens bou verhoudings met die ander personeel by die kleuterskole en is hulle so vol komplimente vir die tuiniers. Dan maak dit die moeite werd. Ons wag net almal angstig dat die droogte sy laaste asem uitblaas!

## 7 Dae

Ek en Daniel Brink van Jerigo Mure het pas teruggekeer van ons tweede "roadshow" deur die Oos-Kaap die jaar. Ons het by Oos-Londen weggetrek en ons weg opgewerk tot daar by Queenstown en vandaar terug die kant toe oor Cradock en anderkant die Baai weer regs gedraai Tsistikamma toe. In sommige dorpe het ons leiers byeenkomste vir die kerkleiers gehou, en ander plekke het ons kerkleiers persoonlik ontmoet en in die proses kosbare mense raakgeloop. Daar was nie 'n dorp waar daar nie mense was wat nie aan die bid is nie. Daar word gebid in die skole, kerke, hospitale, besighede ensovoorts. En dit was baie bemoedigend om almal se stories te hoor. Maar almal het ook vertel hoe moeilik dit is om as kerke saam te kom om te bid. As daar 'n bottelnek is, is dit waarskynlik hier. So die uitdaging wat ons oral gerig het, is om die brug oor te steek as kerke en saam aan die 7 Dae gebedsinisiatief deel te neem. Party dorpe kom byeen wanneer hulle die week van gebed loods en ander weer wanneer hulle afsluit. Dit is 'n baie goeie oefening hierdie. Ons vertrou dat ons teen die einde van volgende jaar ten minste al die groot dorpe in die Oos-kaap kon besoek het. Dit is nou daar van die Tsistikamma af tot by Kokstad op die oostelike horison. Dit

werd maak en as ek my skoenverters vasmaak met 'n swaar gemoed op pad na die volgende vergadering iewers in die Metropool dan dink ek altyd aan hierdie goed, en dan raak die paadjie korter. Wat vir my die meeste beteken is die vriendskappe wat gevorm word en al die mense wat ons leer ken van alle hoeke van die Metropool. Daar is geen kortpad daarvoor om vriendskappe te bou as om tyd met mekaar te spandeer nie. Al is dit nou tydens vergaderings. En ek dink dit is die Bybelse model, nie die vergaderings nie maar die "fellowship". Ek is nie die spraaksaamste persoon nie. Ook nie op vergaderings nie en julle ken my so maar om een of ander rede wil hulle altyd weet waar ek was as ek nie daar was nie. En dalk is dit die rede dat ek 'n goeie oor is vir die ouens wat lief is vir praat.

Die nasionale gebedsnetwerk fokus die res van die jaar op die 7 Dae op die Muur tot middel Oktober, en 'n dag van verootmoediging op 16 Desember vanjaar. Volgende jaar word gefokus op die 40 dae van gebed voor Pinkster. Op plaaslike vlak probeer ons om ten einde vordering te evalueer, om gebedsinisiatiewe binne die 60 munisipale wyke in die Metro te inisieer. So byvoorbeeld is ons besig om deur die lys van raadslede te werk en om by hulle te hoor wat is hulle gebedsbehoefes. Dit is 'n maklike manier om inligting te versamel. Dit help om dan meer gefokus te bid vir 'n bepaalde area of wyk en dan dop te hou watter verandering plaasvind.

So paar weke gelede het ek die geleentheid gehad om 'n byeenkoms in Pretoria by te woon waar 'n inisiatief geloods is om Suid-Afrika te her-evangeliseer oor 'n tydperk van 10 jaar. Ek het ook gefrons toe ek dit gehoor het. Het ons dan nou so die pad byster geraak het ek gewonder? Dit is 'n nasionale inisiatief wat dieselfde tyd landwyd sal plaasvind oor 'n spasio van 'n paar weke elke jaar. Die strategie wat voorgestel word is "stratified evangelism". Al wat dit beteken is dat die evangelie geneem word na plekke waar dit gewoonlik nie uitkom nie, of na mense toe wat gewoonlik nie by die evangelie uitkom nie. 'n Taxi staanplek of groot sportbyeenkoms is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hierdie inisiatief sal plaaslik gedryf word deur die "missions network" en sal ons waarskynlik daarby inval. Dit sal lekker wees om weer so gesamentlike aksie te loods.

Die kerkleiers netwerk en wat alles daar gebeur is 'n baie lang storie. Ek het onlangs die verantwoordelikheid van die netwerk op Uitenhage aan Pastoor Ken Du Piesanie oorgegee en is ek dankbaar dat hy kans sien vir die taak. Ken is van Philadelphia Gemeente en ek glo hy sal die taak net beter as ek kan verrig. Van die inisiatiewe wat geloods is vanuit die Metropool se kerkleiers netwerk is die "Whites talking to Whites" en "Whats your story?". Beide hierdie inisiatiewe is gemik daarop om groter begrip en verdraagsaamheid tussen kerkleiers van verskillende kulture en denominasies te bewerkstellig in die veronderstelling dat dit sal deursyfer tot op grondvlak. Inwoners van Uitenhage sal volgende jaar meer hiervan hoor.

Hoekom spandeer ons so baie tyd aan hierdie inisiatiewe vra ek myself dikwels af?

ingesit gaan word wat hopelik die funksie van die knie sal behou maar wel met minder mobiliteit. Ons vertrou die Here vir 'n wonderwerk en dat daar weldra permanente beterskap gaan wees. Hulle bly steeds op die plaas en het ons nou gewoon geraak aan die gereelde paadjie plaas toe. Die 10 kilometer grondpad is in 'n bedenklike toestand wat na elke reën bui vererger. So van gou plaas toe ry is daar nie sprake nie. Partyplekke gaan dit maar kruip-kruip. Alhoewel die plaas baie nader aan Uitenhage is val hulle binne die munisipale gebied van die Sondagsrivier Vallei wat die dorpe van Kirkwood, Sunlands, Addo, Paterson en Alicedale insluit. Ek was onlangs op al die dorpe en die se paaie lyk niks beter as Elandsrivier se pad nie. Intendeel dis nog slegter. Hierdie is ekstra motivering vir ons om die gebedsnetwerk in die streek te ondersteun en raak die samewerking tussen die kerke daar ook net al hoe beter. Dit sal die streek posisioneer om met die oog op die komende verkiesing baie meer gefokus te bid vir positiewe veranderinge ook in hulle gebied.

Pieter doen baie goed met sy studies by "CTU Training Solutions" in Stellenbosch. Hy volg die eenjaar kursus in Computer Aided Draughting and Design, oftewel CAD soos hulle daarna verwys. Hy verlustig hom in die kursus en pas dit hom al hoe meer soos 'n handskoen. Hy het ook tydelike werk gekry by 'n tegnologie firma op Stellenbosch waar hy sy vaardighede goed aanwend. Daar is nog nie duidelikheid oor watter koers hy volgende jaar gaan inslaan nie en bid ons tans saam met hom of hy voltyds moet werk en deelyds verder moet studeer of andersom. Ons probeer sin maak van 'n nuwe generasie jongmense wat die toekoms anders beleef teen die agtergrond van 'n nuwe industriële rewolusie waar tegnologie se deurbrake so vinnig soos die broodlorrie hier in ons straat verbykom en risikos deel van die reis is. Tradisionele persepsies oor die markplein wat vir ons belangrik was, geld nie meer nie. Sisteme wat 'n invloed het hoe werk verrig word is baie meer geïntegreerd. Die nuwe generasie is nie meer kantoor gebonde nie maar "cloud" gebonde, maar net om een voorbeeld te noem. Dit het beide positiewe en negatiewe implikasies op ons senuwees en berus ons ons daar-in dat die Here wat die skepper is ook van hierdie nuwe tegnologiese rewolusie weet waar Pieter sal in pas met sy innoverende streep.

**Droog, droër, droogste.** Nou die dag was ek vir 'n byeenkoms op Patensie waarna ek 'n vinnige draai by die Kouga Dam gemaak het. Dit is die opgaardam vir die Gamtoosrivier Vallei en kry die Metro ook bietjie water uit die dam uit, en 'n klompie mense al langs die pyp af op pad Baai toe. Onder by die dam opsigter se kantoor is 'n groot bord by die ingang wat die persentasie water wat oor is in die dam, aandui. Ek sal graag wil weet hoe hulle dit bereken maar in elk geval moes ek twee keer kyk om seker te maak ek het reg gelees. Dit was net oor die 14%. Dit is niks meer as badwater nie. Bo-op die damwal met nie 'n wolkie in sig nie het die stilte en verlatenheid my soos 'n hou in die blaai getref. Hoe is dit moontlik het ek die Here gevra? Die dam kan mos nie so leeg wees nie? Maar hy is, of is dit nou sy? Mens kan die klippe op die bodem sien. Onder stroom die wa-

ter deur die sluise in die kanaal af en het ek gewonder hoe lank dié sluise nog gaan oopbly.

Op pad terug het ek probeer sin maak van die droogte en mense se geworstel in die Karoo om hulleself en hulle diere aan die lewe te hou. Daar is omtrent 60 Skrifgedeeltes in die Bybel wat verwys na reën en waarvan omtrent die helfte verwys daarna dat God die oorsprong van die reën is. As dit dan wel die geval is en ons glo dit, en ons vra die Here om die reën te stuur en dit reën nie, dan is daar mos 'n rede hoekom dit nie reën nie. Klimaatsverandering en alles daar rondom ten spyte. Van al die skrifgedeeltes wat oor die onderwerp handel is die een wat my help om die situasie die beste te verstaan die gebed van Salomo vir die volk soos dit opgeteken is in 2 Kronieke 6 vers 26 tot 29 en wil ek 'n oomblik hieroor besin.

Hier lees ek die volgende: “Wanneer die hemele toegesluit bly en daar nie reën is nie omdat hulle teen U sondig, en hulle bid na hierdie plek toe en bely u Naam terwyl hulle hulle van hulle sonde bekeer en vra dat U hulle gebed sal verhoor, luister tog uit die hemel en vergeef u dienaars en u volk Israel se sonde en gee reën op u land wat U aan u volk as besitting gegee het. So leer U hulle die goeie weg wat hulle moet bewandel. Sou daar hongersnood in die land kom, sou daar pes uitbreek, brandkoring of roes, swerms sprinkane en voetgangers, sou dit gebeur dat die volk se vyande hom in sy stede hier in die land beleër, watter plaag of siekte hom ook al tref, luister tog na elke gebed, elke smeking wat van enige mens of van u hele volk Israel mag kom soos elkeen sy plaag en sy smart te kenne gee en sy hande na hierdie tempel toe uitstrek”.

Dit wil vir my lyk asof daar wel 'n verband is tussen die volk van die Here se ongehoorsaamheid en dat dit die Here kon verhinder het dat Hy die reën stuur wat hulle so nodig gehad het. Salomo het die volk goed geken seker hoekom hy die gebed gebid het. In sy gebed praat hy met die volk. Hy moedig hulle aan om die naam van die Here te bely. Waarskynlik het Salomo hiermee bedoel dat Israel die Here as die enigste ware God sal bely, en dat hulle sal afstand doen van die aanbidding van enige ander gode en godinne, en was daar nie baie van hulle nie? Hiermee sou hulle hul geloof plaas in die Here as die een wat die reën stuur, en Hy alleen. Tweedens was daar die veronderstelling dat die volk sal wegkeer van ongehoorsaamheid, en sal terugkeer na die Here se voorskrifte vir hulle lewenswyse en aanbidding van Hom. Derdens was daar die veronderstelling dat wanneer hulle dit alles gedoen het hulle die Here dan sal vra om hulle gebed te verhoor en in die geval dat Hy die reën sal stuur. Salomo gaan voort en verwys na 'n hele paar ander peste en ellendes wat hulle sou kon tref afgesien van die droogte en vra die Here dan spesifiek dat Hy sal luister na *elke individuele* gebed, maar ook na die gebed van die *hele* volk. Daarmee lyk dit vir my het hy veronderstel dat die volk die naam van die Here sal aanroep nie net in hulle eie tente nie, maar ook

saam as 'n volk iewers onder die oop hemel.

Terug by ons droogte. Ek wil nog nie die doemprofete gelyk gee dat die droogte die gevolg is van God se oordeel oor ons nie. In Christus Jesus is ons genadeglik reeds veroordeel en vrygespreek van enige aanklag teen ons. Ek glo ons hoef daarom nie die droogte te vrees as God se oordeel nie. Maar wat ek wel glo is dat die Here die droogte gebruik om ons volle aandag te kry. In die proses van verootmoediging openbaar Hy deur Sy gees die kraaineste. Dit was telkens die patroon in die verlede tydens droogtes en ander ellendes. En Hy doen dit op 'n persoonlike vlak maar ook korporatief. In die lig van Salomo se gebed hoor ek die volgende:

\* Dat ons aan die Here sal vasklou as die enigste ware God wat voorsien in al ons behoeftes, en dat ons nie ons hoop in enige iets anders of in enige iemand anders hoef te plaas nie.

\* Dat ons Hom sal toelaat om harte te deurgrond soos 'n ploeg voor die reën.

\* Dat ons sal bid en sal vra dat Hy dan die reën sal aanhou stuur.

\* En dat ons dit as individue sal doen, maar ook as Sy kerk saam met alle gelowiges.

Laat ons die Here vra dat Hy deur Sy gees ons sal help om Hom al meer te soek vir ons behoeftes, en vir reën. En dat ons sal dors na Hom soos 'n mens na water na 'n kilogram se bitong. Ek, saam met baie ander mense sien uit na die dag dat die dam opsigter daar by Kouga Dam weer sy tellingbord met 'n glimlag op sy gesig sal kan verander.

### **Net Werk!**

Ons betrokkenheid by die Transformasie Netwerk in die Metropool strek nou al meer as 'n dekade en verwys ons kort-kort in die nuusbrieff daarna. Binne die netwerk wat oorhoofs bekend staan die “Transformation Christian Network” is daar weer ander netwerke, onder andere die gebedsnetwerk waarby ons baie betrokke is, die sending netwerk of “mission network” waarby ons sporadies betrokke is en die kerkleiers netwerk waar ons 'n ondersteunende rol vervul en die skakel is tussen dié netwerk en ons plaaslike netwerk in Uitenhage. Ek het nou die dag tydens een van die byeenkomste waar die onderwerp begin dwaal het, probeer uitwerk hoeveel kilometres elke jaar gery word om die byeenkomste by te woon, hoeveel hare ek al uit my kop getrek het omdat mense nie by 'n punt kan uitkom nie, hoeveel bekere slegte koffie ek al gedrink het want by die vergaderings kry jy net slegte koffie, en hoeveel minute ek al spandeer het op facebook wanneer die vergaderings nou regtig vervelig geraak het. Dan kom ek by die huis dan wil Sugnet weet hoe was die vergadering en sy wens sy kon ook daar wees dan sê ek sy kan gerus die volgende een in my plek bywoon! Dit is seker so dat min dinge gebeur as daar nie vergaderings gehou word nie en dat die vrug daarvan altyd opmaak vir die ongemak daarvan. Daar gebeur wonderwerke in die netwerke!

Daar word saam skouers geskuur, inisiatiewe beplan, vriendskappe gebou, probleme opgelos, mekaar se stories gehoor en saam gebid. Dit is wat dit die moeite